Geagte Klublede

Bestuur wil graag ‘n ernstige beroep op alle lede doen ter ondersteuning van ons poging om volgende jaar ‘n suksesvolle Klubveiling te hou. Dit is werklik in almal se belang om ‘n grootse poging aan te wend om hierdie projek ‘n besondere geleentheid te maak . Dit bied veral geleentheid aan telers wat nie in ‘n posisie is om ‘n produksieveiling te hou nie, om hul genetika beskikbaar te stel.

Dit is algemeen bekend dat uitstekende diere deur die meeste Bonsmaratelers geteel word, maar dat almal nie noodwendig in ‘n posisie is om regmatige blootstelling te kry nie. Hierdie poging van die Klub is juis om so ‘n geleentheid te skep, maar dan moet ons almal saamwerk om dit ‘n reuse sukses te maak. ‘n Verdere bydrae tot die spanpoging, is dat heelparty groter telers met gevestigde veilings en afset, hierdie poging steun en aangedui het dat hulle ook diere beskikbaar sal stel.

IN HIERDIE VERBAND BRING ONS WEER EENS DIE VOLGENDE ONDER U AANDAG:

1. Soos reeds aan u bekend, het SERNICK goedgunstiglik hul uitstekende fasiliteite tot die Klub se beskikking gestel en behels die eerste fase van die projek dat lede so veel moontlik bulle vir die SERNICK Bulgroeitoets (Toets 8/2019) moet inskryf. Bulle moet op Vrydag, 31 Mei by SERNICK se toetssentrum gelewer word. Ons wil regtig poog om 100 Klubbulle vir die besondere toets in te skryf.

Uit die goedgekeurde bulle aan die einde van die toets, sal die veilingsbulle uitgesoek word. Hierdie bulle word dan by SERNICK as ‘n groep wat dieselfde behandeling ontvang, vir die beplande Klubveiling van **24 September 2020**, voorberei. Indien getalle dit regverdig, sal daar wel ook, buiten hierdie groep, bulle vir die veiling kan inskryf.

2. **Laat weet asseblief vir Mara voor 15 Mei hoeveel bulle u wil stuur**. As u op daardie stadium nog nie die bulle geïdentifiseer het nie, het Pieter ingewillig om die besonderhede van die bulle by aankoms op 31 Mei, te ontvang. Ter wille van SERNICK se voorbereiding vir die toets, moet die getalle egter reeds teen 15 Mei beskikbaar wees. **Besonderhede van en vorms vir die toets, word hierby aangeheg.**

3. Die Klub bied op 31 Mei ‘n baie interessante Inligtingsdag by SERNICK aan. Hierdie dag is nie net vir die telers wat daardie dag hul bulle vir die groeitoets moet aflewer nie, maar u word versoek om ook vriende en kliënte te nooi. **Program van Inligtingsdag, aangeheg. Laat weet asseblief, ter wille van voorbereiding, voor 28 Mei vir Mara of u die dag gaan bywoon.**

4. Die keuring van SERNICK se eie pas afgesluite groeitoets vind ook daardie dag plaas en alle telers vir wie dit moontlik is, word uitgenooi om hierdie keuring op 31 Mei om 09h00, by te woon. So ‘n keuring is van die mees leersame aksies van die deurwinterde Bonsmarastelsel en Bestuur wil u regtig aanmoedig om dit by te woon.

Ons vra alle lede om asseblief hierdie geleenthede te ondersteun. Kom ons laat die Hoëveld Bonsmaraklub, ter wille van ons eie toekoms as Bonsmarastoettelers, weer sy regmatige plek binne die Bonsmarafamilie inneem.

Bonsmaragroete
Hoëveld Bonsmaraklub Bestuur

Hoëveld Bonsmaraklub
Tel: 082 772 7373
Faks: 086 749 3980
webwerf: www.bonsmarahoeveldklub.co.za
epos: admin@bonsmarahoeveldklub.co.za